



## In hierdie uitgawe:

**Redaksioneel**

**Berigte: Kuratorium**

**IN MEMORIAM**

**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Verandering

Ons leef in tye van voortdurende verandering. Sommige verandering is ooglopend goed en tot voordeel van die samelewing terwyl ander ten alle koste verwerp en teengestaan moet word.

Groot onsekerheid bestaan oor politieke veranderings en die gepaardgaande sosio-ekonomiese implikasies. Nuwe politieke partye verryk en ander is in verval. Nuwe koalisies word gevorm en ou alliansies versuur. Hierdie veranderinge laat ons onseker en bekommern oor die regering se beleid en die invloed daarop op ons alledaagse lewe. Ons leef daagliks saam met hierdie politieke verandering en die gevolge van die gepaardgaande wanbestuur en selfverryking van individue op die ekonomie en infrastruktur.

Veranderings geskied egter op alle lewensterreine. Ons beleef verandering teen 'n eksponensiële tempo wat betref nuwe tegnologiese ontwikkelings. Tegnologiese ontwikkelings wat begin het met die drukpers, daarna die telegraaf, telefoon, rekenaars, selfone, die Internet en tans die opkoms van Kunsmatige Intelligenzie, laat mens wonder wat kom volgende! Op elke terrein word ons byna daagliks met nuwe uitvindings en tegnologie gekonfronteer - daar word gereeld gesê dat die wêreld "kleiner"

geraak het - vervoer geskied nie meer deur ossewa of perdekar nie, gou was daar treinvervoer met die spoorweë, die ontwikkeling van motors en vragmotors met binne-brand-enjins en nou elektriese self-bestuur voertuie. Van die eerste vlug deur die Wright-broers tot ruimte-eksplorasie het ons verandering gesien. Ook abstrakte velde soos moraliteit en etiek het reuse verandering ondergaan. Optrede wat 'n paar jaar gelede nog as totaal onaanvaarbaar beskou sou wees het die alledaagse norm geword. Hierdie morele afdraande-pad is nie iets nuuts nie, maar die spoed waarteen verandering in waardes op die samelewing afgedwing word neem daagliks toe.

Hierdie morele veranderinge is moontlik gemaak omdat daar nie meer 'n onveranderlike verwysingspunt vir goed en kwaad, reg en verkeerd deur die wêreld erken word nie. Die eksistensiële teologiese dwalinge van Rudolf Bultmann het in die middel van die vorige eeu 'n groot invloed op beide die kerk en die samelewing gehad. Dit is opgevolg deur Jurgen Moltmann se sienings waaruit verskeie vorme van humanistiese dwalinge gevloeи het wat insluit bevrydingsteologie, feministiese teologie, swart teologie, en so meer. Uit hierdie teologiese strome vloeи dan ook die afbreek van die Christelike huwelik deur feministiese teologie en herdefiniëring

van die Bybelse rolle van man en vrou. Die bevrydingsteologie wat nou daarmee saamloop, het die vernietiging van eerbare Christelike werksetiek tot gevolg waardeur alle armes en "onderdruktes" as geseënd deur God voorgehou word. Daarmee saam die verabsolutering van 'n strewe na eenheid – al is dit ten koste van Skrifwaarheid. Ook hier in Suid-Afrika het hierdie vervormde morele standaarde en opvatting reeds sedert die 1960's stelselmatig in ons kerke begin posvat. Daarmee saam is selfs die begrip "waarheid" verander deur stelselmatig evolusie te ondergaan. Waar waarheid voorheen gebaseer was op feite, is dit nou deur die samelewning omvorm tot 'n relatiewe begrip wat alles afhang van die persoonlike perspektief. Die sekulêre wêreld se nuwe absolute vereiste is dat almal elke wanaangepaste persoon se "persoonlike" waarheid (of leuen!) moet aanvaar en respekteer. Hierdie veranderings en 'n konserwatiewe behoudende Christelike wêreldsiening waar daar net een waarheid naamlik God se waarheid is, is egter nie onderling versoenbaar nie. Christenskap en gehoorsaamheid aan God se gebooie word toenemend deur die samelewning verag en vervang met 'n wêrelde "godsdienst" waar die mens sentraal staan en "liefde en respek" die mantra is.

Die samelewning wil nie meer hoor wat Christene te sê het oor ware liefde wat sonde verwerp nie. Die regte van vrou om ongebore babas te vermoor is ononderhandelbaar vir hulle. Die gebruik van die voorkeur-voornaamwoorde word vereis – mans word vroue genoem en vroue, mans. Die uitwys van 'n LGBT-lewenswyse as sondig en onaanvaarbaar in God se oë is "liefdeloos" in die wêreld se oë! Die wêreld vereis dat

"verdraagsaamheid" sowel as "inklusiwiteit" ten alle koste nagestreef moet word.

Tragies genoeg neem sommige kerke en "Christene" aktief deel aan ons kultuur se opmars weg van die waarheid. Kernwaarhede van "ongemaklike" doktrines word laat vaar in belang van eenheid, want "doktrines verdeel". Daar word geredeneer dat ons daarop moet fokus om saam te span en bloot die evangelie te verkondig eerder as om doktrines te bestudeer. Hierdie is 'n algemene standpunt, veral onder charismatiese denominasies, maar dit is fundamenteel verkeerd. Gesonde doktrines is 'n sistematiese verduideliking van Bybelse waarhede, waaronder ons nie ware eenheid kan hê nie. Dit is nie die gesonde Bybelse leer nie, maar die afwyking van hierdie leer wat verdeeldheid en twis veroorsaak.

Verandering is 'n onafwendbare deel van ons lewens en samelewing. Ons moet egter versigtig onderskei tussen verandering wat voordelig is en dié wat ons morele en geestelike fondamente ondermy. Ons moet ferm en onveranderlik staan vir die waarheid te midde van hierdie veranderinge, ongeag die druk om te kapituleer.

- Jaco de Ridder

## BERIGTE

### KURATORIUM

Pierre Brits se akkreditasie as GHG-predikant is op sy versoek deur die kuratorium opgehef.

## IN MEMORIAM

Prof AD Pont  
(1927-09-21 – 2024-06-02)

Dit is met leedwese dat ons verneem het dat Prof Adriaan Pont oorlede is. Hy het diep spore getrap in die Hervormde Kerk en sal gemis word. Ons innige meelewing en gebede aan tannie Leonie en die kinders, kleinkinders en agterkleinkinders.

Professor Adriaan Drost Pont is op 21 September 1927 in Kroonstad gebore as seun van Nederlandse immigrante. Hy is op 12 April 1958 getroud met Leonie (nee Jansen van Vuuren). Uit hul huwelik is gebore: Johan Willem (1959), Isabel Leonora (1962), Jeanne Louise (1965), Daniel Christoffel Lourens(1967) en Adri Leonie(1976).

Nadat hy in 1943 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria gematrikuleer het, skryf hy by die aan die Universiteit van Pretoria in vir 'n BA in Grieks en Hebreeus wat hy in 1946 verwerf. In 1949 verwerf hy sy BD-graad en lê aan die einde van daardie jaar sy proponentseksamen af. Op daardie stadium was hy egter nog nie beroepbaar nie omdat hy slegs 22 jaar oud was terwyl 'n proponent op daardie stadium 23 jaar oud moes wees om beroep te word. Hy word egter gevra om in Silverton (op daardie stadium nog 'n konsulentsgemeente wat te klein was om te beroep) te begin werk.

Vanaf 1952 tot 1955 studeer hy verder in Nederland waar hy sy MA (cum laude) en doktorsgraad behaal. In Julie 1955 word hy deur die Nederduitsch Hervormde Gemeente Elsburg beroep waar hy werksaam was tot einde 1956 toe hy vroeg die daarvolgende jaar as professor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis (wat op daardie stadium nog bekend gestaan het as Geskiedenis van die Christendom) aangestel was.

Tydens sy tyd as professor het hy steeds in verskillende gemeentes as pastorale hulp dienswerk verrig: Melville(1962), Wespark Pretoria(1966-1972) en Otiwarongo, SWA(1972-1988). Hy was

ook deurentyd betrokke by Rings-, Ouderlingvergaderings en ander kerklike byeenkomste en het in menige kerklike liggame en rade gedien.

Tot onlangs toe was hy was ook aktief betrokke en het 'n prominente rol gespeel in die vorming van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (as ware voortsetting van die Hervormde Kerk).

Reeds in 1961 het die liberale stem in die NHKA begin waar AS Geyser en A van Selms se vreemde sieninge oor kerkbegrip duidelik geword het. Na Albert Geyser en Beyers Naude se bywoning van die 1964 Mindolo-beraad in Zambië waar beraadsblaag was oor die rol wat die kerk moet speel in die bevrydingstryd, het prof. Pont die inhoud van die beraad in *Die Hervormer* blootgelê. As gevolg hiervan het Geyser en Naude 'n lastereis teen prof. Pont ingestel omdat hy hulle sogenaamd (en korrek!) uitgewys het as kommunistiese meelopers en voorstanders van die bevrydingsteologie. Wat Pont se teologie betref, sal sy uitmuntende theologiese deurdenking van die begrippe 'Verbond', 'Volkskerk', 'Gemeenskap', 'Kerk', 'Volk' en 'Owerheid' nog lank gekoester word.

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame-plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuigfinansiering en veilige beleggings.

# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**



**Straatadres:** Steadlaan 246,  
Queenswood, Pretoria

**Tel:** 012 755 8201/2

**Posadres:** Posbus 11824,  
Queenswood, 0121

**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za

**Bankbesonderhede:**

Tjekrekeningnummer ABSA 10176514,

Takkode: 623 005

# Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF



## Premiermyn Herwormde Kerk

Jag op Cullinan Game Farm 25-28 Julie 2024

Eerste prys: Koedoe Koei en Rooibok Ram

Tweede prys: Blouwildebees Koei en Rooibok Ooi

Derde prys: Die vleis van 'n Rooibok Ooi en Vlakvark - gewaarborg



Pakket sluit in vir die eerste en tweede prys:  
Verblyf vir twee jagters, voertuig, slag en koelkamer

Trekking: 7 Julie 2024

Kontak: Cassie Esterhuizen 082 888 7318



**R200 -00**

Jagter kan ook onderhandel met  
Cullinan Game Farm  
oor verdere bokke vir eie sak



Snap here to pay



Om deel te neem  
aan die Jagpakket,  
scan hierdie QR Kode